

Die wettelose mens – Francois Malan

Willie vra:

2 Tessalonisense 2:3 & 4 – Kan julle dalk uitbrei op wie die wettelose mens is , wat die opstand behels?

Antwoord

Prof Francois Malan antwoord:

Die wettelose mens wat vir die verderf bestem is (letterlik: die mens van wetteloosheid, die seun van die verderf – albei Hebreeuse idiomatiese uitdrukkings om die nouste betrekking tussen die soort persoon en die wetteloosheid en verderf aan te dui.) Dié mens se optrede is sodanig dat hy letterlik met wetteloosheid en goddeloosheid geassosieer word, wat deur God verwoes sal word tot in die ewige verderf.

1 Johannes 2:18-22 noem hom die antichris, wat teen Christus getuig en optree, en dat daar nou reeds baie antichriste is, mense wat uit die geledere van die gemeente kom, maar nie werklik deel van die gemeente was nie, omdat hulle ontken dat Jesus die Christus is en daarom die Vader en die Seun ontken.

2 Tes 2:4 omskryf hom as die een wat teenstand bied en hom verhef oor alles wat God genoem of voorwerp van aanbidding genoem word.

Hy sal homself beskou as groter en sterker as enige bonatuurlike wese en alle godsdiens van die tafel probeer vee, en homself as die eningste aanbiddingswaardige voorstel.

Iets hiervan is reeds in Jesaja 14:13-14 genoem in verband met die koning van Babel en in Esegïel 28:2,6,9 oor die regeerder van Tirus.

In Paulus se tyd het die Romeinse keiser Caligula in 40 n.C. beveel dat sy eie standbeeld in die tempel van Jerusalem opgerig word. Hy is egter vermoor voordat die opdrag uitgevoer is.

Uit 2 Tes se beskrywing blyk dit dat die wettelose mens 'n wêreldoorheerser sal wees, maar die aarde wat hy sal beheer, is in werklikheid God se aarde (Ps 24). 2 Tes 2:9-12 sê: Deur die Satan sal die koms van die wettelose mens gepaard gaan met geweldige magsvertoon en met allerlei tekens en vals wonders, en die mense wat verlore gaan, sal die leuen glo.

Vers 8 sê egter dat die wettelose mens deur God geopenbaar sal word en dat die Here Jesus hom met die asem van sy mond sal vernietig – die wederkoms van Christus sal die einde van die antichris se tirannie wees. Dit is goddelike humor: bloot deur die asem van Christus se mond en sy verskyning word die wettelose mens uitgewis.

In Openbaring 13 word die Satan se twee handlangers genoem: die dier uit die see, wat die antichris en sy anti-goddelike regeermag voorstel, en die dier uit die aarde, wat die valse profete voorstel wat die mensdom verlei om die beeld van die dier uit die see te aanbid en te dien. Hulle einde word in Openb 20:10 beskryf.

Skrywer: [Prof Francois Malan](#)

Alle Paaie lei na Jesus: Eienskappe van die mens (2)

Alle Paaie lei na Jesus: Eienskappe van die mens (2) – Adrio König

5.4.2 Liefde – Selfliefde

Dis nie vreemd dat ons juis liefde kies nie. Ons het reeds daarop gewys dat daar 'n direkte verband is tussen God se liefde en sy opdrag dat ons moet liefhê. Jesus vat die ganse wil van God vir ons lewe saam in twee gebooië: Liefde tot God, en liefde tot mekaar. En ons kon dit eintlik verwag, want Hy het mense gemaak met die doel om sy beeld te wees, en Hy is liefde. As ons liefhet, sal ons dus iets van Hom sigbaar maak. Maar onthou dis 'n analogiese eienskap. Ons liefde kan nooit identies wees aan Syne nie. Maar daar moet beperkte ooreenkoms wees.

Eerstens is God se liefde sy wese, dit is nie 'n bysaak nie, dit kom uit sy hart. Dit beteken dat ook ons liefde uit ons hart moet kom. God hoef nie Homself met moeite te oorreed om lief te hê nie. Ons sien dit in Jesus. Hy het spontaan lief. Hy reik vanself uit. Hy hoef nie eers te redeneer of dit paslik sal wees om die straatvrou toe te laat om agter Hom te staan en huil, of om die vrou wat op owerspel betrap is, te verdedig nie (Luk 7:36 ev; Joh 8:1 ev).

Dit beteken dat ook ons net iets van God se liefde kan wys as ons spontaan liefhet, met hart en siel. Voorwaardelike en berekende liefde is die naam nie werd nie. Ons moet leer wat dit beteken dat “jou hart uitgaan na ander”.

Maar daar is ook verskil tussen God se liefde en ons s'n. Hy het na onder lief, Hy het hulle lief wat dit nie werd is nie.

Dit beteken Hy motiveer self sy liefde. Hy het ons nie lief omdat ons so baie vir Hom beteken nie. Hy het ons lief ondanks die feit dat dit Hom baie kos, selfs sy enigste Seun aan die kruis! En ons? Terwyl Hy na onder liefhet, vir ons wat dit nie waardig is nie, het ons na Bo lief, vir Hom wat dit oor en oor werd is. Hy het vir ons oneindige waarde. Dit "betaal" ons om Hom lief te hê. Dit beteken dat, terwyl ons nie sy liefde werd is nie, maar Hy uit sy eie, spontaan, ons liefhet, is Hy dit duisend maal werd dat ons Hom liefhet. Dus motiveer Hy nie net sy liefde vir ons nie, maar ook ons liefde vir Hom. As ons regtig besef wie Hy is, is dit nie moeilik om Hom lief te hê nie. Daar is dus verskil tussen sy liefde en ons s'n.

Maar daar is ook ooreenkoms. Hy roep ons ook op om soos Hy na onder lief te hê, om hulle lief te hê wat dit nie werd is nie, om soos Hy lief te hê waar dit ons baie kan kos. Maar hierdie soort liefde kom nie vanself nie. Ons kan net deur sy Gees beweeg word om dit te doen. Trouens dis presies wat Johannes skryf: "Ons het lief omdat Hy ons eerste liefgehad het" (1 Joh 4:19). Terwyl Hy dus self sy liefde vir ons motiveer (ons is dit nie werd nie), motiveer Hy óók ons liefde vir Hom én ons liefde vir ander. Hy motiveer dus alle vorms van liefde. Waarlik, God is liefde!

Daar is dus te midde van die ooreenkomste ook groot verskille tussen God se liefde en ons s'n. Hy het altyd spontaan lief, Hy motiveer altyd sy liefde, maar ons liefde is eintlik nooit spontaan nie, Hy moet dit altyd motiveer, aanwakker. Maar uiteindelik het ons tog ook lief, en dit is die sin van ons lewe: Om iets van Hom in ons lewe te wys. Verder is God se liefde 'n beweging weg van Homself na ander terwille van die ander. Iets hiervan moet ook in ons liefde sigbaar word.

Daar is 'n bekende Griekse woord vir liefde wat nie eintlik in die Nuwe Testament gebruik word nie, *eros*. In plaas daarvan gebruik hulle by voorkeur 'n baie onbekende woord, *agape*. *Eros* het nie noodwendig in die algemeen 'n negatiewe of 'n seksuele betekenis gehad nie. Dit het meestal gegaan oor liefde vir die eie soos nasionalisme. Baie wonderlike heldedade word gemotiveer deur *eros*. Dit is nie waar dat dit net altyd deur

selfsug gemotiveer is nie. Dit kan in werklikheid baie omgee en groot offers vir ander bring, selfs 'n geneentheid en 'n warmte vir ander hê. Ons kan God met hierdie soort liefde met toewyding en oorgawe dien, en ook vir Hom groot offers bring (1 Kor 13:3). Maar die uiteindelijke doel van hierdie liefde is die voordeel wat die ander uiteindelik vir die eie sal hê. Die ander word gedien terwille van die voordeel vir die eie. Jy het nie die ander terwille van die ander lief nie, maar terwille van jouself. Uiteindelik word die ander gebruik, staan die ander in jou diens.

Daarteenoor is God se liefde 'n gee-liefde. Dis 'n beweging weg van Homself, na ander terwille van ander. Dit soek nie waarde nie, maar gee waarde. Dit offer tot voordeel van die ander, al is dit tot eie nadeel. Wat het dit God nie gekos om ons lief te hê nie!


Só het Christus as beeld van God liefgehad. Christus het ons lief terwille van onself, terwille van ons voordeel, om ons te red. En Hy het ons onvoorwaardelik lief. Trouens Hy het ons lief gehad toe ons nog sy vyande was (Rom 5:8), en dit het beteken Hy het ons liefgehad op die gevaar af dat ons sy liefde sou minag en verwerp, dat ons selfs in ons vyandigheid sou volhard. Hy het gegee sonder dat Hy eers seker gemaak het dat Hy iets gaan terugkry.

Natuurlik verwag God wederliefde as antwoord op sy liefde. Maar dit is weens die aard van liefde: liefde wil altyd gemeenskap skep. Onbeantwoorde liefde is gefrustreerde liefde, halfpad-afgekapte liefde, liefde wat nie sy doel bereik het nie. Maar God was bereid om só lief te hê. Immers Hy het in Christus die wêreld so liefgehad dat Hy sy Seun gegee het, en ons weet vandag die wêreld het nie as geheel positief gereageer nie.

Om God se beeld te wees, moet ons Hom en Jesus hierin navolg, moet ons só liefhê. Selfs al sou ons liefde nie sy doel van

wederliefde bereik nie, verloor dit nie sy waarde nie. Vir dié wat nie positief reageer nie, is my liefde nogtans 'n voorbeeld en getuienis van God se liefde, en 'n appèl om hulle aan sy liefde (wat deur ons na hulle uitgaan) prys te gee. En vir ons is dit deel van die vervulling van ons bestaansdoel: om sy beeld te weerspieël. Maar om só lief te hê is teen-natuurlik. Dit kos iets. Hierdie liefde kan net deur God self gemotiveer word, God wat in werklikheid alle liefde motiveer, Syne vir ons, ons s'n vir Hom en vir ander. Dit is deel van die wonderlike betekenis daarvan dat God die inisiatief in die verbond neem.

In die volgende gedeelte gaan ons na selfliefde kyk.



Mense wonder dikwels oor verskeie aspekte van die Christelike geloof. Alle Paaie lei na Jesus (2010) deur prof Adrio König is 'n baie nuttige naslaanwerk wat 'n betrokke en uitdagende verduideliking bied van die die middelpunt van ons geloof: Jesus Christus.

Bybelkennis gaan gereeld gedeeltes uit hierdie bron publiseer. Ons dank aan prof König en CUM vir hierdie vergunning.

Vir meer inligting oor CUM, besoek gerus hulle webblad by www.cumuitgewers.co.za

Skrywer: [Prof Adrio König](#)

Alle Paaie lei na Jesus: Eienskappe van die mens (1)

Alle Paaie lei na Jesus: Eienskappe van die mens (1) – Adrio König

5.4 Eienskappe van die mens

5.4.1 Twee soorte eienskappe

Ons kan die mens se eienskappe in twee groepe indeel. Maar voor ons daarby kom, eers die basiese vraag: Hoe sal ons uitvind watter eienskappe God graag in ons lewe wil sien? In die geskiedenis is verskillende pogings aangewend om 'n beginsel of uitgangspunt te kry van waar ons na ons eienskappe kan vra. Adam en Eva in die Paradys is dikwels gebruik. Mense het presies probeer aflei hoe hulle voor die sonde was, wat hulle eienskappe was. Die gedagte was dan dat ons weer so moet wees. As 't ware moet terugwerk Paradys toe.

Maar minstens twee dinge is tog duidelik. Eerstens dat daar nie regtig soveel inligting oor die mens in hierdie eerste drie hoofstukke gegee word nie. Hoofstuk 1 sê eintlik net ons is as God se beeld geskape, dat ons aangestel is om te heers, en dat mense bestaan uit mans en vroue sodat hulle kan vermeerder. Dis te min om enigsins 'n prentjie te vorm van wat ons bedoel is om te wees. Verder is dit ook duidelik dat die Bybel nie regtig so vreeslik geïnteresseerd is in die eerste hoofstukke van Genesis nie, dat daar nie baie keer daarna terugverwys word nie, veral nie om te verduidelik wat God met ons bedoel het nie. Daar word nooit in die Ou Testament na hierdie beginhoofstukke in die Bybel verwys nie, en net 'n paar keer in die Nuwe hoofsaaklik om die grootheid van Christus teenoor Adam te verduidelik.

Wat nou? Dikwels is eenvoudig lukraak sekere eienskappe uit die Bybel gekies en gerangskik. En mense het maklik by 'n paar uitgekom wat regtig belangrik is soos liefde. Ons is geroep om lief te hê. Dit leer ons tog uit Jesus se opsomming van die wet. Maar watter ander eienskappe nou? En hoe gaan ons besluit? Ons het tot dusver twee basiese verhoudings behandel waarin die mens tot God staan: Beeld en verbond. Kan dit ons

nie help nie?

Eerstens is ons geskape om sy beeld te wees. Dit beteken tog dat daar 'n soort ooreenkoms tussen ons en Hom moet wees, soveel so dat mense uit ons lewe iets van Hom moet kan aflei. Maar dan kan ons tog verwag dat daar tussen sy eienskappe en ons s'n 'n mate van ooreenkoms moet wees. As ons dus gaan kyk na Wie God is, sal ons iets kan agterkom van hoe ons moet wees. As ons dus uit die Bybel leer wie en hoe God is, kan ons mos daaruit aflei hoe ons moet wees. Ons moet tog sy beeld wees. Mense moet Hom in ons kan herken. Ons het mos alreeds gesien die beeldwees veronderstel 'n bepaalde gelykheid/ooreenkoms tussen ons en Hom. Daar sal dus eienskappe in ons moet wees wat soos Syne is, wat ten minste 'n bepaalde ooreenkoms met sommige van sy eienskappe vertoon.

Maar ons leef ook in die verbond met Hom. En terwyl daar in terme van die beeld 'n bepaalde gelykheid/ooreenkoms tussen Hom en ons moet wees, moet daar nou weer juis 'n bepaalde ongelykheid tussen Hom en ons wees. Immers die verbond was nie 'n onderhandelde ooreenkoms tussen twee gelyke partye om 'n ronde tafel nie. Hy is eerste, en ons tweede. Maar ons het ook gesien hierdie ongelyke verhouding is 'n paslike ongelykheid. God neem die inisiatief, en ons moet reageer, *ant-woord*. Hy het die eerste woord, en ons die tweede. Ons het gesien dis eintlik

wonderlik dat God eensydig die inisiatief geneem het en steeds neem, dat dit die diepste rede is waarom die verbond nog bestaan.

Ons kan dus aanvaar daar sal twee soorte eienskappe wees,

- eienskappe waarin ons Hom moet navolg, *analogiese eienskappe* kan ons dit noem,
- en eienskappe waarin ons sinvol moet reageer op sy inisiatiewe, *komplementerende eienskappe*.

Eers ons beeldwees. Dit gaan om 'n bepaalde ooreenkoms tussen Hom en ons. 'n Mens skryf natuurlik "ooreenkoms" half met huiwering. Maar ons het nou oor en oor gesien dat daar **spontaan** mensvormig oor God geskryf word in die Bybel. Dit beteken dat ons reg en suiwer oor God kan en moet praat in terme van mense. En dat ons reg en suiwer oor mense kan en moet praat in terme van God!

Natuurlik kan die ooreenkoms tussen God en mens net beperk wees, nie absoluut nie. God is oneindig meer/groter/heerliker/heiliger as ons. Maar daar is wel beperkte ooreenkoms. Ons praat graag van 'n *analogie*, en van analogiese of analoë eienskappe. En wat ons verbondsverhouding met Hom betref, weet ons nou al dis 'n ongelyke verhouding, maar dit is paslik. Daar is 'n sin waarin ons God komplementeer in hierdie verhouding, of liever waarin ons die verhouding met Hom komplementeer/volledig maak/afroond. Ons kan van *komplementêre* eienskappe praat.

As ons nou na die Bybel gaan met die vraag hoe God is en hoe Hy bedoel dat ons moet wees, kry ons maklik hierdie twee soorte eienskappe. Daar is eienskappe waarin ons van Hom verskil. Dit is eienskappe wat eintlik téénoor mekaar staan.

- Hy is *genadig*; daarom moet ons *dankbaar* wees.
- Hy heers met *gesag*; daarom moet ons *gehoorsaam* wees.
- Hy gee aan ons *beloftes*; daarom kan ons *hoop* hê.

Maar hierdie verskille is paslike verskille. Dankbaarheid pas by genade, en gehoorsaamheid by gesag, en hoop by beloftes. Ons eienskappe is sinvolle reaksies op die inisiatiewe van die groot Verbondstigter. Hierdie reaksies pas by sy inisiatiewe soos 'n hol lens by 'n bollens. Dit vul eintlik sy inisiatiewe aan. Die verskille word eers 'n probleem as ons nie sinvol, paslik reageer nie, as ons met ondankbaarheid reageer op genade, of met ongehoorsaamheid/opstandigheid op gesag, of met moedeloosheid op sy beloftes. Dan pas dit nie meer nie. Dan

word dit botsende verskille.

Die tweede groep eienskappe sluit direk by Syne aan, dit is analogiese eienskappe.


- God is liefde, en Hy beveel ons om lief te hê.
- God is vry, en Hy maak ons vry.
- God is heilig, en Hy verwag van ons om heilig te wees.

Daar is natuurlik 'n hele aantal sulke eienskappe wat ons by die lys sou kon byvoeg soos goedhartigheid, geduld, reinheid, waaragtigheid.

Dit is almal analogiese eienskappe. Ons sal hierin nooit identies aan God kan wees nie, maar Hy wil 'n soort ooreenkoms, 'n analogie tussen Hom en ons hê. Ons is immers bedoel om sy beeld te wees. Omdat Hy liefde is, moet ons soos Hy liefhê. Miskien besef jy wat ons in werklikheid hier doen. Ons lei uit ons siening van God af hoe die mens behoort te wees. Ons lei antropologie af uit teologie-in-enger-sin.

Ons sou nog 'n hele aantal eienskappe kon noem onder die analogiese én onder die komplementerende eienskappe. Maar dis nie nodig nie. Met hierdie ses het ons 'n duidelike prentjie van God se doel met ons as mense. Hy wil hê dat ons Hom sal navolg in sy liefde, vryheid, heiligheid, en dat ons sinvol sal reageer op sy inisiatiewe met dankbaarheid en gehoorsaamheid en hoop. Dit kan interessant wees om een eienskap uit elk van die twee groepe te kies en effens vollediger daarna te kyk. Dit sal ons prentjie van wat God 'n mens bedoel het om te wees, helderder maak. Ons beginsel gaan wees om met ons siening van God te begin, en daaruit aflei hoe Hy ons bedoel om te wees.

Kom ons kyk na liefde as 'n analogiese eienskap, en na dankbaarheid as 'n komplementerende eienskap. Ons gaan by liefde begin.



Mense wonder dikwels oor verskeie aspekte van die Christelike geloof. Alle Paaie lei na Jesus (2010) deur prof Adrio König is 'n baie nuttige naslaanwerk wat 'n betrokke en uitdagende verduideliking bied van die die middelpunt van ons geloof: Jesus Christus.

Bybelkennis gaan gereeld gedeeltes uit hierdie bron publiseer. Ons dank aan prof König en CUM vir hierdie vergunning.

Vir meer inligting oor CUM, besoek gerus hulle webblad by www.cumuitgewers.co.za

Skrywer: [Prof Adrio König](#)

Alle Paaie lei na Jesus: Die mens as beeld van God (2)

Alle Paaie lei na Jesus: Die mens as beeld van God (2) – Adrio König

5.3.1 Mensvormige spreke oor God

Ons ken almal die manier waarop ons in die Bybel oor God lees: sy oë en neus en mond en hande en voete. Ons lees dat Hy praat en hoor en loop en sit, dat Hy ontevrede is en teleurgesteld oor al Israel se ontrow. Die Bybel is vol van hierdie

mensvormige manier om oor Hom te praat. Maar is Hy regtig so? Is dit nie maar net die manier waarop die Bybelskrywers oor Hom praat sodat ons Hom in ons taal en begrippe kan ken en verstaan nie?

Veral sekere uitsprake in die Bybel het mense laat huiwer of God werklik so is en so doen. Die belangrikste is die tekste oor God se berou (onder andere Gen 6:6-7; Num 23:19; 1 Sam 15:11, 35; Jer 4:28; Jona 4:2). In die ouer vertalings van die Bybel het ons gelees dat God berou daaroor gehad het dat Hy iets gedoen het, byvoorbeeld dat Hy mense gemaak het of dat Hy Saul koning gemaak het. En Jona ken Hom as die een wat altyd berou het oor die oordeel wat Hy oor mense aangekondig het as die mense hulle bekeer (Gen 6:6; 1 Sam 15:11).

Sommige nuwere vertalings gebruik nie meer die woord “berou” nie. 'n Mens kan dit verstaan, want “berou” word baie sterk met sonde geassosieer. Die 1983-vertaling praat daarvan dat Hy bedroef is oor wat Hy gedoen het of dat Hy maklik afsien van die oordeel wat Hy uitgespreek het. Die NLV vertaal dat Hy spyt was oor wat Hy gedoen het, maar soms tog ook weer dat Hy berou daaroor kry (Jona 4:2). Hoe die vertaling ook al presies lui, dit beteken in beginsel nog dieselfde: Hy kom terug op wat Hy gesê of gedoen het. Hy verander van plan. Is dit nie te menslik nie? Kan God dan van plan verander? (NLV by Jona 4:2.)

Ons maak soms iets vreemds van die onveranderlikheid van God. Ons maak van Hom 'n blok ys wat nie eens in die son kan smelt nie. Die Bybel leer ons anders. Kom ons kyk 'n oomblik na God en Jona.

Wie is onveranderlik?

Na sy aanvanklike ongehoorsaamheid gaan preek Jona tog in Nineve. In opdrag van God preek hy 'n oordeelsboodskap: “Nog net veertig dae en Nineve word verwoes” (Jona 3:4). Natuurlik wonder 'n mens waarom hy aanvanklik nie wou gaan nie, en soveel weerstand gehad het dat hy selfs van God probeer wegvlug het.

Maar skynbaar teen alle verwagting in, bekeer die stad se

mense hulle radikaal. En ons lees: “Toe God sien wat hulle doen, en hoe hulle hulle bekeer van hulle verkeerde dade, het Hy afgesien van die ramp wat Hy gesê het Hy oor hulle sal bring. Hy het nie die ramp gestuur nie” (Jona 3:10). En Jona is verheug! Nee, lees weer. Jona is kwaad. Ons gaan nou-nou na sy rede kyk. Hy gaan sit buite die stad om te sien of God Hom nie dalk tog weer sal bedink en die oordeel voltrek nie. Deur ’n wonderwerk gee God vir hom heerlike beskutting teen die stekende son, maar die volgende dag laat Hy die plant verdroog en sit Jona en vergaan van die hitte. Hy is weer baie kwaad.

Dan reageer die Here. Jona is begaan oor ’n plant waaraan hy niks gedoen het nie, maar God mag nie begaan wees oor ’n groot stad se mense nie. Kom ons gaan nou terug na die rede waarom Jona so teleurgesteld en selfs kwaad is toe God afsien van sy plan om die stad te verwoes. God verander sy plan omdat die hele stad hulle op Jona se preke bekeer. Sou ’n mens nie eerder verwag dat Jona in die wolke sou wees nie? Wat ’n sukses was hy nie.

Derduisende mense kom tot bekering op sy preke.

Maar by Jona werk die ding heeltemal anders. Hy wou mos aanvanklik nie na Nineve gaan nie, en die Here moes hom omtrent dwing om uiteindelik te gaan. Waarom het hy toe ingestem? Was dit dalk by die heerlike gedagte dat hy die aankondiging kon maak dat Nineve verwoes gaan word? Hierdie groot Assiriese stad was ’n aartsvyand van Israel. Jona sou as held na sy vaderland kon terugkeer. Hy besluit om tog te gaan, en ek is seker hy het die preke terdeë geniet. Maar dan die bitter teleurstelling: Die stad word nie verwoes nie. Jona is in opstand. Nou gaan hy bekend staan as ’n verraaier van sy volk wat veroorsaak het dat hulle vyande se stad gespaar word. Immers hy het hulle tot bekering gepreek! En nou kom die aap uit die mou. “Ag, Here, ek het dit geweet toe ek nog in my land was. *Daarom het ek reg in die begin na Tarsis toe gevlug.* Ek het geweet U is ’n genadige en barmhartige God, lankmoedig en vol liefde. U sien maklik af van die straf wat U aangekondig het” (4:2).

Sjoe! Hoe werk dit? Die profeet is teleurgesteld, diep verontwaardig dat God goed is. Of nee, solank Hy vir die profeet of vir Israel sou goed wees, sou dit natuurlik lekker wees. Maar nou is Hy goed vir Israel se groot vyand! En dit maak nou van die profeet 'n gek. Dis waaroor hy kwaad is. Hy het so lekker gepreek, en nou *drop* die Here hom.

Wat is Jona se probleem? Dat hy God nie kan vertrou nie. God verander sy plan. Of liever sy probleem is dat hy God inderdaad kan vertrou: Hy verander altyd sy plan! Jona sê mos: "Ek het *geweet* U is 'n genadige God." Hy trek altyd die oordeel terug as daar egte bekering kom. Wat gaan hier aan? Hier is twee partye, een is onveranderlik, en een is veranderlik. Wie is wie? Jona is onveranderlik, God moet deurgaans met sy oordeel. Maar God is veranderlik, Hy gaan sy oordeel weerhou.

Natuurlik kan ons dit ook andersom sê: God is self ook onveranderlik, maar in 'n ander sin as Jona. Jona is verstok onveranderlik, God is beweeglik onveranderlik. God is onveranderlik in die sin dat Hy altyd *op dieselfde manier* verander: In reaksie op bekering trek Hy altyd sy oordeel terug.

Kom ons formuleer dit baie versigtig. God is nie sonder meer net veranderlik nie. Hy is onveranderlik in sy veranderlikheid. Hy verander altyd só. Dis hoe Jona Hom ken. Hy trek altyd die oordeel terug as daar bekering kom. 'n Mens kan dit alles baie makliker en eenvoudiger formuleer. God se veranderlikheid beteken eintlik God is getrou (onveranderlik). Hy hou sy beloftes. Hy sal altyd sy plan verander as daar bekering kom. Hy is onveranderlik daarin. Hy het beloof Hy sal verander as ons verander. Dit beteken dat God in 'n sin baie menslik is, maar nie sondig-menslik nie, maar heilig-menslik, menslik soos Hy bedoel het mense sal wees. Hy het bedoel ons moet goed wees vir mense, dat ons bereid moet wees om te vergewe, want ons is sy beeld en Hy is só.

Dit is 'n baie belangrike punt wat hier na vore kom. Is God

menslik, of is ons “Goddelik”? Tree God soos ’n mens op, of is ons geroepe om soos God op te tree? Of is dit maar net twee kante van dieselfde muntstuk, omdat ons sy beeld moet wees? Om dit ’n keer ’n bietjie “geleerd” te formuleer: Moet ons antropomorfies oor God praat, of teomorfies oor die mens? Of is dit dieselfde saak?

Hierdie mensvormige spreke oor God is nie eie aan die Bybel nie. Dit het algemeen voorgekom in die Nabye Ooste. Maar daar is twee opsigte waarin die Bybel verskil van sy omgewing:

- Die Bybel praat nooit in terme van menslike *sondes* oor God nie. In die godsdienste rondom Israel was dit algemeen. Die gode het gelieg en bedrieg, hulle was onsedelik onder mekaar. Dit is die rede waarom sommige Griekse filosowe gekla het oor die mensvormige spreke oor God, en die mense afgeraai het om dit te doen. Dit was onwaardig om sulke dinge oor gode te dink. Gode en sonde hoort nie bymekaar nie. En dis juis waar van Israel se God. Johannes beklemtoon: “God is lig, en daar is geen duisternis in Hom nie” (1 Joh 1:5).
- Die Bybel praat ook nooit in terme van menslike *seksualiteit* oor God nie. Daar is in elk geval nie vroulike gode nie, want daar is net een ware God, die God van Israel. Daar kan dus nie van seks tussen gode by Israel sprake wees nie. Die beeld van die huwelik word wel op God toegepas, op sy verhouding met Israel. Hy is die man, en Israel is die vrou. Jesus is die bruidegom, en die kerk is die bruid. Maar dis altyd in terme van liefdestrou of ontrou, nooit in terme van seksualiteit nie. En van Israel sal geskryf word dat hulle ontrou aan die Here is, selfs dat hulle “weg van die Here af hoereer”. Maar dit gaan dan altyd om godsdienstige ontrou aan die Here en aanbidding van vreemde gode.


Dit beteken dat die Bybel op ’n waardige manier menslik oor God praat.

En juis dit bring ons by Hosea 11. Hier lees ons hoe God dit nie kan regkry om die oordeel, wat Israel al oor en oor verdien het, te voltrek nie. Waarom nie? Ons lees: “Want Ek is God, nie ’n mens nie” (11:9). God tree juis anders op as

mense! Hoe nou? Hy tree nie op soos mense “normaalweg” optree nie, maar soos God *verwag* dat mense sal optree. Hoe het God ons bedoel? “Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. En jy moet jou naaste liefhê soos jouself” (Matt 22:37-38). Só tree God menslik op! Maar terég het die Joodse teoloog Heschel gevra waar 'n mens sulke mense kry. Jona was in elk geval nie so nie. Hy wou juis die oordeel deurgevoer hê. Is dit nie eerder hoe mense is nie? Het ons as Christene 'n antwoord op Heschel se vraag? Is daar sulke mense? Ek weet nie regtig van mense nie. Maar is daar nie een nie? Is dit nie hoe Jesus geleef het nie?

Is dit waar dat die Bybel se menslike manier om oor God te praat, eintlik dié mens Jesus in die oog het? Hy het ons mos kom wys hoe God ons bedoel het. En dan is ons roeping juis om te word wat ons veronderstel is om te wees: soos Jesus. Dan is dit ons roeping om Hom deur die krag van die Heilige Gees na te volg, sodat ons regtig iets van God in ons lewenswyse kan vertoon. Dan sal ons onself in God se optrede herken, dan tree ons teomorf op, soos Hy antropomorf optree!

Ons hoef dus nie te huiwer oor die manier waarop die Bybel in menslike terme en beelde oor God praat nie. Die Bybelskrywers bedoel dit ernstig. Hy is so, Hy wil so wees, want ons is sy beeld, altans ons is bedoel om sy beeld te wees, soos Jesus. Hy tree soos Jesus op, of Jesus soos Hy, en juis daarom het Jesus Hom aan ons geopenbaar. Daarby kom ons nou.



Mense wonder dikwels oor verskeie aspekte van die Christelike geloof. Alle Paaie lei na Jesus (2010) deur prof Adrio König is 'n baie nuttige naslaanwerk wat 'n betrokke en uitdagende verduideliking bied van die die middelpunt van ons geloof: Jesus Christus.

Bybelkennis gaan gereeld gedeeltes uit hierdie bron publiseer. Ons dank aan prof König en CUM vir hierdie vergunning.

Vir meer inligting oor CUM, besoek gerus hulle webblad by

www.cumuitgewers.co.za

Skrywer: [Prof Adrio König](#)